# GEBEDSBULLETIN

**JULIE se tema: Mans en Vaders**

"Here, hierdie week DANK ons U vir:"

* Die wintervakansie en wegbreekgeleentheid vir sommiges.
* Die mans se saambidgeleentheid Donderdae.
* Mans wat lang ure werk om te voorsien vir hulle gesinne.
* Die vrug van die Hervorming (Reformasie) 500 jaar gelede - dat ons VREUGDEVOL VRY kan leef.
* Die uitspraak van die hof dat godsdiens in skole MAG voortgaan maar dat een godsdiens nie onregverdig bevoordeel mag word nie. Bid vir skoolhoofde en beheerliggame vir wysheid tov die implimentering daarvan.

"Here, hierdie week BID ons tot U en vra:

* Vir dowes/gehoorgestremdes. Die kerk het in 1881 die Nasionale Instituut vir Dowes (NID) tot stand gebring om vir Dowes taal te leer, sodat hulle ook die boodskap van Jesus Christus kon ontvang. Twee outonome NG Gemeentes vir Dowes funksioneer tans in die Wes-Kaap (De la Bat in Bellville en Worcester-NG Gemeente). Hierdie gemeentes bedien ongeveer 1200 Dowes woonagtig in die Suid-Westelike deel van die land. Die Bybel is in opdrag van die Algemene Sinode van die NG Kerk deur die Bybelgenootskap "vertaal" in 'n taal wat vir alle Dowes meer toeganklik is, en staan bekend as Die Bybel vir Almal.
* Vir die militante Islamitiese groep Al-Shabaab. Hulle het openlik verklaar dat hulle geen Christene in Somalië wil hê nie. Dié wat vermoedelik Christene is, word dikwels onmiddellik doodgemaak. Gelowiges leef geïsoleerd en kom in die geheim in klein groepies bymekaar. Hulle kan nie 'n Bybel besit nie, want dit stel hulle lewe in gevaar.
* Vir Egipte - meer as 50% van alle Christene in die Midde-Ooste en Noord-Afrika woon in Egipte. Bid dat die kerk in al hierdie areas sal ontwaak.
* Vir pa's om rolmodelle vir hulle kinders te wees en hul vrou lief te hê soos die Here sy gemeente liefhet.
* Vir onderwysers, skoliere en studente om 'n goeie rustyd te geniet.
* Vir die uitreik na Malawi (reis, verblyf, grensposte, getuienis).
* Reën sodat die Weskaap se damme kan vol word.

**BENODIG:** Leë planthouertjies, enige grootte, wat ons kan gebruik om vetplantjies, ens in te plant vir verkoop by die basaar.



**DROë VRUGTE TE KOOP**

**Geskilde perskes:** R85 p/kg
R45 p/500g

**Ongeskilde perskes:** R65 p/kg
R35 p/500g

**Pruime:** R65 p/kg
R35 p/500g

**Pekanneute (nog in dop):** R120/kg



# NG KERK MOSSELBAAI-SUID

TELNR: 044-6903552 ngkerkmsb-suid@absamail.co.za

**AFKONDIGINGE: JULIE Vakansie 2017**

*"Terwyl ons dan so 'n groot skare geloofsgetuies rondom ons het, laat ons elke las van ons afgooi, ook die sonde wat ons so maklik verstrik, en laat ons die wedloop wat vir die oog gevestig op Jesus, die Begin en Voleinder van die geloof."* (Hebreërs 12:1)

## ** VIR JOU AANDAG **

**DEUROFFER:** Soos op die Jaarprogram.

**KATEGESE/KINDERKERK:** Nie in vakansie. Begin weer DV op 30 Julie.

**EREDIENSTE:** Om **09:00** in die kerkgebou en om **09:30** op Vleesbaai.

**KLEINGROEPE:** Geen gedurende die skoolvakansie. Ons gebedsgroepe vergader soos onderling gereël.

**NUWE INTREKKERS:** Baie welkom in ons midde - mag u verblyf tot seën wees! Die dominee sal u graag na die diens voor die kansel wil ontmoet.

**VERLOF DOMINEES:** Ds Robert is DV met spesiale verlof 1-21 Julie vir die uitreik na Malawi. Ds Danie is DV 3-24 Julie met verlof. Ds André is beskikbaar vir enige gemeentelid wat 'n besoek of ondersteuning benodig. Skakel hom gerus by 044-6932462 of 084 613 2462. As u dalk bewus word van 'n behoefte by 'n ander lidmaat laat weet ook asseblief.



**SAAMKUIER:** Kom drink iets na die erediens in die saal en kuier 'n bietjie om ons gemeenskap van geloof te versterk.

**HERBERG KINDERHUIS:** Onthou u bydrae — info by Joey (073 2988 142).

**LENTE DANKFEES:** Ons basaar is DV op 1 September. As u in die vakansie 'n tydjie het, kan u solank goedjies maak vir die basaar, of op u eie woeker vir 'n ekstra geldjie. As u kaste regpak, onthou die wit olifante tafel! Die Kindertafel kan ook goeie tweedehandse speelgoed gebruik.

**OESMAAND KOSKAS:** JULIE is **Streek A** se beurt om bydraes te maak vir die koskas. Droë produkte, groente, blikkies en gevriesde produkte, asook kontant-bydraes kan by die kerkkantoor of u kerkraadslid afgegee word. Navrae Joey telnr. 073 2988 142.

## BANKBESONDERHEDE

NG Mosselbaai-Suid, ABSA Mosselbaai, reknr 207 058 0031 (Dankoffers)

NG Mosselbaai-Suid, ABSA Mosselbaai, reknr 207 016 7886 (Geloofsoffers)